

Maandag 1 April

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-14 (1983-vertaling)	Fokusgedeelte: Johannes 1:1-4
--	--------------------------------------

Lewe deur Christus, die ewige, Goddelike Woord!

Oor Wie en wat Jesus Christus is, kan daar boeke vol geskryf word. Johannes begin sy Evangelie deur juis na Jesus Christus se aard en wese en taak te verwys. Uit hierdie verwysings kan ons aflei Wie en wat Jesus Christus is en wat sy taak is.

In Johannes 1 word Jesus Christus die Woord van God genoem (vs 1). Daaruit kan ons aflei dat God met ons praat deur Hom. Hy openbaar die lewende God aan ons. Hy was van die begin af daar en Hy is self God (vs 1, 2). Ja, Jesus Christus is die ewige God, saam met die Vader en die Gees.

Boonop het die Vader alles wat geskep is, deur Jesus geskep (vs 3, 10). Dit is egter nie net dinge wat deur Hom geskep is nie: “In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense” (vs 4). Hy bring lig en lewe wat die duisternis van die sonde en die dood verdryf.

Al is Jesus God en al het Hy al hierdie wonderlike eienskappe, wou die wêreld Hom nie as Verlosser aanvaar nie (vs 10, 11). Dit het Hom egter nie verhinder om sy roeping te vervul en sy taak te voltooi nie: “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.” Dit is sy evangelie: Hy maak verlore sondaars kinders van God, sonder enige verdienste van hulle kant af (vs 12, 13)!

Hierdie Blye Boodskap sê: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid” (vs 14).

Daarom kan ons met dankbaarheid bely: Jesus Christus, en Hy alleen, is ons Verlosser. Hy is die Seun van God en self ewige God. Hy het mens geword om ons te verlos. Hy is vol heerlijkheid en genade en waarheid. Daarom sien ons ook uit na die dag wanneer Hy in heerlijkheid gaan terugkom!

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 2

Dr. HPM van Rhyen (Malan) (Pretoria-Noord)